

© Die Oratorium Uitgewery

# St. Theodorus van Heraklea
## 7 Februarie

(sterf 4de eeu)

Hy was 'n Christen en Romeinse generaal (vandaar sy bynaam Stratelates), in diens van keiser Licinius Licinianus. Vir 'n tydperk het die Romeinse owerhede die vinnig groeiende Christelike godsdiens geduld. Toe die keiser egter besluit om die Christelike geloof weereens onwettig te maak, is daar van hom verwag om sy geloof af te sweer. Hy weier volstrek en word op bevel van die keiser doodgemaak.